

CONTENTS

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
PROCLAMATION			
R. 31	Judicial Matters Amendment Act (22/2005): Commencement of section 1 and 10 to 14.....	3	30435
GOVERNMENT NOTICE			
Justice and Constitutional Development, Department of			
<i>Government Notice</i>			
R. 1044	Debt Collectors Act (114/1998): Regulations relating to Debt Collectors, 2003: Amendment.....	5	30435

INHOUD

<i>No.</i>		<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
PROKLAMASIE			
R. 31	Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede (22/2005): Inwerkingtreding van artikels 1 en 10 tot 14	4	30435
GOEWERMENSKENNISGEWING			
Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van			
<i>Goewermenskennisgewing</i>			
R. 1044	Wet op Skuldinvorderaars (114/1998): Regulasies betreffende Skuldinvoorderaars, 2003: Wysiging	14	30435

PROCLAMATION*by the**President of the Republic of South Africa*

No. R. 31

2 November 2007


COMMENCEMENT OF SECTIONS 1 AND 10 TO 14 OF THE JUDICIAL MATTERS AMENDMENT ACT, 2005 (ACT NO. 22 OF 2005), EXCLUDING THE PROVISIONS OF SECTION 14(c) WHICH INSERT SECTION 20(8) IN THE DEBT COLLECTORS ACT, 1998 (ACT NO. 114 OF 1998)

Under section 19(2) of the Judicial Matters Amendment Act, 2005 (Act No. 22 of 2005), I hereby fix 2 November 2007 as the date on which sections 1 and 10 to 14 of the said Act shall come into operation, excluding the provisions of section 14(c) which insert section 20(8) in the Debt Collectors Act, 1998 (Act No. 114 of 1998).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this 27ste day of October Two Thousand and Seven.

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**Minister of the Cabinet**

PROKLAMASIE*van die**President van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 31

2 November 2007


INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS 1 EN 10 TOT 14 VAN DIE WYSIGINGSWET OP GEREGETELIKE AANGELEENTHEDE, 2005 (WET NO. 22 VAN 2005), MET DIE UITSONDERING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 14(c) WAT ARTIKEL 20(8) IN DIE WET OP SKULDINVORDERAARS, 1998 (WET NO. 114 VAN 1998), INVOEG

Kragtens artikel 19(2) van die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleentehede, 2005 (Wet No.22 van 2005), bepaal ek hierby 2 November 2007 as die datum waarop artikels 1 en 10 tot 14 van genoemde Wet, met die uitsondering van die bepalings van artikel 14(c), wat artikel 20(8) in die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 (Wet No. 114 van 1998), invoeg, in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hierdie 27ste dag van Oktober Tweeduisend-en-sewe.

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**Minister van die Kabinet**

GOVERNMENT NOTICE GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. R. 1044

2 November 2007

DEBT COLLECTORS ACT, 1998 (ACT NO. 114 OF 1998) REGULATIONS RELATING TO DEBT COLLECTORS, 2003: AMENDMENT

The Minister for Justice and Constitutional Development has, under section 23, read with sections 12(1), (4) and (5) and 20(3) and (6), of the Debt Collectors Act, 1998 (Act No. 114 of 1998), and after consultation with the Council for Debt Collectors, made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

Definition

1. In these regulations "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 185 of 7 February 2003, as amended by Government Notice No. R. 1623 of 7 November 2003 and R. 741 of 29 July 2005.

Substitution of regulation 5 of the Regulations

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 5 of the Regulations:

"Register of applications and keeping of records

5.(1) The register contemplated in section 12(1)(a) of the Act shall contain the following particulars:

- (a) The date on which the application was received.
- (b) An indication as to whether the applicant applied in terms of section 10(2) of the Act for exemption and the date on which the

exemption was granted.

- (c) In the case of a juristic person, company or close corporation—
 - (i) the full registered and trading name, registration number and business and registered address;
 - (ii) the full names and identity numbers of the directors or members; and
 - (iii) the full names and identity numbers of the officers who are involved in debt collecting.
- (d) In all cases other than those referred to in paragraph (c), the full names, identity number and business address of the applicant.
- (e) The financial year end of the applicant.
- (f) The date on which the application was approved.

(2) The register contemplated in section 12(1)(b) of the Act shall contain the following particulars:

- (a) The date on which the application was received.
- (b) An indication as to whether the applicant applied for exemption in terms of section 10(2) of the Act and the date on which the application was disapproved.
- (c) In the case of a juristic person, company or close corporation, the full registered and trading name, registration number and business and registered address.
- (d) In all cases other than those referred to in paragraph (c), the full names, identity number and business address of the debt collector.
- (e) The date on which the registration was cancelled or withdrawn, or the application disapproved, as the case may be.
- (f) The reasons for the cancellation or withdrawal of the registration or the disapproval of the application, as the case may be.

(3) The registers contemplated in section 12(1) of the Act shall be available for inspection—

- (a) from Monday to Friday, excluding public holidays, from 7h30 to 16h00 at the registered office of the Council: West Wing, Ground Floor, Rentmeesterpark 74, Watermeyer Street, Val de Grace, Pretoria; and

- (b) electronically at the following address: www.debtcollector.council.co.za."

Substitution of regulation 9 of the Regulations

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 9 of the Regulations:

"Payment of interest

9. The debt collector shall, whenever a payment is made in terms of section 20(3) of the Act—
- (a) make such payment within 30 days after a public accountant's or auditor's report is issued; and
 - (b) give an exposition of the money deposited and interest accrued on such money to the Council."

Substitution of regulation 10 of the Regulations

4. The following regulation is hereby substituted for regulation 10 of the Regulations:

"Trust accounts

10.(1) The trust account contemplated in section 20(1) of the Act, shall be audited annually by a public accountant or auditor within four months following the last day of the financial year of the debt collector.

(2) Upon completion of the audit contemplated in subregulation (1), the public accountant or auditor shall forthwith issue and submit a report, which corresponds substantially with Form 5 of Annexure A, to the debt collector who shall submit a copy thereof to the Council.

(3) Any contravention of this regulation by a debt collector shall constitute improper conduct."

Amendment of regulation 11 of the Regulations

5. Regulation 11 of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "R500" of the expression "R650".

Amendment of Annexure A to the Regulations

6. Annexure A to the Regulations is hereby amended by the addition of the following form after Form 4:

"Form 5

REGULATIONS RELATING TO DEBT COLLECTORS, 2003 PUBLIC ACCOUNTANTS'/AUDITORS' INDEPENDENT REPORT

[Regulation 10]

We have audited the trust accounts of.....(*insert the name of the company/close corporation/juristic person/person*) to determine whether those accounts were maintained in compliance with section 20 of the Debt Collectors Act, 1998 (Act 114 of 1998), and regulation 10 of the Regulations relating to Debt Collectors, 2003 for the period from(*insert date*) to(*insert date*).

The directors/members/partners/proprietor of(*insert the name of the company/close corporation/juristic person/person*) is/are responsible for ensuring that the trust accounts are maintained in compliance with the provisions of the Debt Collectors Act, 1998. The directors/members/partners/proprietor is/are also responsible for the implementation of accounting and internal control systems. Our responsibility is to express an opinion on whether the trust accounts were maintained in compliance with section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, and regulation 10 of the Regulations relating to Debt Collectors, 2003, for the period(*insert date*) to.....(*insert date*) based on our audit.

This report covers the accounting records relating to the debt collector's trust accounts and does not extend to the financial statements of the business of(*insert the name of the company/close corporation/juristic person/person*) taken as a whole.

Our audit was conducted in accordance with International Standards on Auditing applicable to special purpose audit engagements. Those standards require that we plan and perform the audit to obtain reasonable assurance about whether the trust accounts are free of any material misstatement. An audit includes examining, on a test basis, evidence supporting the amounts and disclosures in the trust accounts, and assessing the accounting principles used by management.

We believe our audit provides a reasonable basis for our opinion.

Qualification

The report is subject to the following qualifications (if none, state NIL).....

(Any contravention of section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, and regulation 10 of the Regulations relating to Debt Collectors, 2003, relating to trust accounts is regarded as material and should be reported. If the report is qualified then the next heading is to be changed to "Qualified opinion" and the wording is to change to "In our opinion, except as noted above, the ...)

Opinion

In our opinion, the debt collector's trust accounts of..... *(insert the name of the company/close corporation/juristic person/person)* for the period from..... *(insert date)* to..... *(insert date)* were maintained in compliance with section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, and regulation 10 of the Regulations relating to Debt Collectors, 2003.

Supplementary information

Our audit procedures indicated the following:

1. The debt collector's trust account for the period reported on has been updated.....*(indicate how regular)*.

2. The debt collector’s trust account for the period subsequent to the period being audited, was last inspected by us on..... *(insert date of last inspection)*, has been written up to*(insert date)* and the trial balance was last balanced at*(insert date)*.
3. The debt collector provided us with the following changes in the composition of the business which occurred during the period from..... *(insert date)* to..... *(insert date)* –
.....*(insert changes)*
4. The debt collector’s principal place of business is at.....
(insert full physical address).

The following information was extracted from the audited trust account:

1. Reconciliation of interest earned on the debt collector’s trust account from the beginning of the period..... *(insert date)* to the end of the period..... *(insert date)*:

Amount brought forward from the previous financial year in respect of interest earned on monies deposited in terms of section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, is	
Amount earned during the current period on monies deposited in trust banking accounts in terms of section 20 of the Debt Collectors Act, 1998 is	
Amount incurred during the current period in respect of bank charges (excluding VAT) is	
Amount already paid over to the Council for Debt Collectors	

during the period under review in terms of section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, is	
Amount carried over to the next financial year in respect of interest earned on monies deposited in terms of section 20 of the Debt Collectors Act, 1998, is	

2. The ratio as a percentage of total bank charges (excluding VAT) incurred during the current period to the total of interest earned during the year was.....

3. Trust liabilities/creditors and trust funds available at the year end(*insert date*) and on one other date(*insert date*), were as follows:

	At year end	Other date selected
Trust liabilities/creditors		
Trust funds available in terms of:		
Section 20 trust money		
Trust surplus/ (deficit)		

Use of the report

This report is intended solely for the use of the debt collector and the Council for Debt Collectors.

Name

Registered Accountants and Auditors

Chartered Accountants (SA)

Address

Date

Notes

1. The public accountant/auditor must be registered in terms of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act 80 of 1991).
2. If the public accountant/auditor is unable to furnish an unqualified report the fact thereof and the reasons therefor shall be set out fully in the report transmitted by him/her which shall otherwise be as far as possible in the above form.
3. All alterations must be signed by the public accountant/auditor.”.

Substitution of Annexure B to the Regulations

7. The following Annexure is hereby substituted for Annexure B to the Regulations:

**“ANNEXURE B
Expenses and fees
[Regulation 11]**

Note: The total amount to be recovered from the debtor in respect of items 1 to 7 of the Annexure shall not exceed the capital amount of the debt or R630, whichever is the lesser.

Item	Description	Amount
1.(a)	Necessary ordinary letter, registered letter, facsimile or e-mail:	R12,60 (and in the case of a registered letter, the costs of the registration fee to be added)
1.(b)	Registered letter (Sec 57 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944))	The amount as from time to time prescribed in item 8 of Annexure 2 Table A, Part II of the Rules of Court of the Magistrates Courts

		Act 32 of 1944
2.	Necessary phone calls, which is not a consultation (per call):	R12,60
3.	Other necessary expenses not specifically provided for: a total amount of:	R12,60
4.	Acknowledgement of debt and undertaking to pay debt in terms of section 57 or section 58 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944) (including the necessary consultation with debtor):	The amount as prescribed from time to time in items 9 and 10 of Annexure 2, Table A, Part II of Rules of Court of the Magistrates Courts Act 32 of 1944
5.	On request of the debtor, the drawing up and furnishing of a settlement account, other than the six monthly settlement account:	R25,20
6.	Correspondence received and attended to:	R6,30
7.	Necessary consultation with debtor:	R31,50
8.	Attending taxation:	R50,40
9.	On receipt of an installment (one or more) in redemption of the debt, inclusive of installments made directly to the client:	A fee of 10% of the installment received subject to a maximum amount of R315,00. No additional fee shall be charged for any attendance in connection with the receipt or payment of any installment."

No. R. 1044

2 November 2007

**WET OP SKULDINVORDERAARS, 1998 (WET NO. 114 VAN 1998)
REGULASIES BETREFFENDE SKULDINVORDERAARS, 2003:
WYSIGING**

Die Minister vir Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het kragtens artikel 23, gelees met artikels 12(1), (4) en (5) en 20(3) en (6), van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 (Wet No. 114 van 1998), en na oorleg met die Raad vir Skuldinvorderaars, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 185 van 7 Februarie 2003, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing Nr. R. 1623 van 7 November 2003 en R. 741 van 29 Julie 2005.

Vervanging van regulasie 5 van die Regulasies

2. Regulasie 5 van die Regulasies word hiermee deur die volgende regulasie vervang:

"Register van aansoeke en hou van rekords

5.(1) Die register bedoel in artikel 12(1)(a) van die Wet moet die volgende besonderhede vervat:

- (a) Die datum waarop die aansoek ontvang is.
- (b) 'n Aanduiding of die applikant ingevolge artikel 10(2) van die Wet aansoek om vrystelling gedoen het en die datum waarop vrystelling verleen is.
- (c) In die geval van 'n regs persoon, maatskappy of beslote korporasie—
 - (i) die volledige geregistreerde en handelsnaam, registrasienommer en besigheids- en geregistreerde adres;
 - (ii) die volle name en identiteitsnommers van die direkteure of lede; en
 - (iii) die volle name en identiteitsnommers van die beamptes wat met skuldinvordering gemoeid is.
- (d) In alle gevalle anders as daardie in paragraaf (c) na verwys, die volle name, identiteitsnommer en besigheidsadres van die applikant.
- (e) Die einde van die boekjaar van die applikant.
- (f) Die datum waarop die aansoek goedgekeur is.

(2) Die register bedoel in artikel 12(1)(b) van die Wet moet die volgende besonderhede vervat:

- (a) Die datum waarop die aansoek ontvang is.
- (b) 'n Aanduiding of die applikant aansoek om vrystelling ingevolge artikel 10(2) van die Wet gedoen het en die datum waarop die aansoek afgekeur is.
- (c) In die geval van 'n regs persoon, maatskappy of beslote korporasie die volledige geregistreerde en handelsnaam, registrasienommer en besigheids- en geregistreerde adres.
- (d) In alle gevalle anders as daardie in paragraaf (c) na

- verwys, die volle name, identiteitsnommer en besigheidsadres van die skuldinvorderaar.
- (e) Die datum waarop die registrasie gekanselleer of teruggetrek is, of die aansoek afgekeur is, na gelang van die geval.
- (f) Die redes vir die kansellering of terugtrekking van die registrasie, of die afkeuring van die aansoek, na gelang van die geval.
- (3) Die registers in artikel 12(1) van die Wet bedoel sal vir inspeksie beskikbaar wees —
- (a) van Maandag tot Vrydag, uitsluitend openbare vakansiedae, vanaf 7h30 tot 16h00 by die geregistreerde kantoor van die Raad: Wesvleuel, Grondvloer, Rentmeesterpark, Watermeyerstraat 74, Val de Grace, Pretoria; en
- (b) elektronies by die volgende adres: www.debtcollector.co.za."

Vervanging van regulasie 9 van die Regulasies

3. Regulasie 9 van die Regulasies word hiermee deur die volgende Regulasie vervang:

"Betaling van rente

9. Die skuldinvorderaar moet, wanneer 'n betaling ingevolge artikel 20(3) van die Wet gemaak word—

- (a) sodanige betaling, binne 30 dae na die openbare rekenmeester of ouditeur se verslag uitgereik is, maak; en
- (b) 'n uiteensetting van die geld gedeponeer en die rente op sodanige geld verdien aan die Raad gee."

Wysiging van regulasie 11 van die Regulasies

4. Regulasie 11 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die

vervanging van die uitdrukking "R500" deur die uitdrukking "R630".

Vervanging van regulasie 10 van die Regulasies

5. Regulasie 10 van die Regulasies word hiermee deur die volgende regulasie vervang:

"Trustrekeninge

10.(1) Die trustrekening in artikel 20(1) van die Wet bedoel, moet jaarliks binne vier maande volgend op die laaste dag van die boekjaar van die skuldinvorderaar deur 'n openbare rekenmeester of ouditeur geoudit word.

(2) By voltooiing van die oudit soos in subregulasie (1) bedoel, moet die openbare rekenmeester of ouditeur onverwyld 'n verslag wat wesenlik met Vorm 5 van Aanhangsel A ooreenstem, uitreik en aan die skuldinvorderaar verskaf wat 'n afskrif daarvan aan die Raad moet verskaf.

(3) Enige oortreding van hierdie regulasie deur 'n skuldinvorderaar stel onbehoorlike gedrag daar."

Wysiging van Aanhangsel A tot die Regulasies

6. Aanhangsel A tot die Regulasies word hiermee gewysig deur die volgende vorm na Vorm 4 by te voeg:

"VORM 5

REGULASIES BETREFFENDE SKULDINVORDERAARS, 2003 ONAFHANKLIKE OPENBARE REKENMEESTERS/ODITEURSVERSLAG

[Regulasie 10]

Ons het die trustrekeninge van(voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) geouditeer om vas te stel of daardie rekeninge in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 (Wet 114 van 1998) en regulasie

10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 vir die tydperk(voeg datum in) tot.....(voeg datum in) gehou is.

Dit is die verantwoordelikheid van die direkteur/lede/vennote/eienaar van(voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) om te verseker dat die trustrekeninge in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 in stand gehou is. Die direkteur/lede/vennote/eienaar is ook verantwoordelik vir die implementering van rekeningkundige en internebeheerstelsels. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening uit te spreek daaroor of die trustrekeninge in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 vir die tydperk.....(voeg datum in) tot(voeg datum in) gehou is.

Hierdie verslag dek die rekeningkundige rekords in verband met die skuldinvorderaar se trustrekeninge en dek nie die finansiële state van die besigheid(voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) as geheel nie.

Ons oudit is uitgevoer in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde van toepassing op ouditaanstellings vir 'n spesifieke doel. Daardie standaard vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te bekom dat die trustrekeninge vry van enige wesenlike wanvoorstelling is. 'n Oudit sluit die ondersoek op 'n toetsgrondslag van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die trustrekeninge steun en die beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat deur die bestuur gebruik is, in.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Kwalifikasie

Hierdie verslag is onderhewig aan die volgende kwalifikasies (indien geen,

verklaar GEEN)

.....

(Enige oortreding van artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 rakende trustrekening word as wesenlik beskou en moet gerapporteer word. Indien die verslag gekwalifiseerd is moet die volgende opskrif verander word na "Gekwalifiseerde mening" en die bewoording na "Na ons mening, behalwe as hierbo na verwys, is die...)

Mening

Na ons mening, is die trustrekening van die skuldinvorderaar.....(voeg naam van maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon in) vir die tydperk vanaf.....(voeg datum in) tot.....(voeg datum in) gehou in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003.

Bykomende inligting

Ons oudit prosedures het op die volgende aangedui:

1. Die skuldinvorderaar se trustrekening vir die verslagdoeningstydperk is.....(dui aan hoe gereeld) opdateer.
2. Die skuldinvorderaar se trustrekening vir die tydperk wat volg op die tydperk onder oudit, was laas op.....(voeg datum van laaste inspeksie in), deur ons geïnspekteer, is bygehou tot.....(voeg datum in) en die proefbalans is laas op.....(voeg datum in) gebalanseer.
3. Die skuldinvorderaar het ons voorsien van die volgende veranderinge in die samestelling van die besigheid wat gedurende die tydperk.....(voeg datum in) tot.....(voeg datum in) plaasgevind het –

.....(voeg veranderinge in).

4. Die skuldinvorderaar se hoofbesigheidspersoneel is.....

(voeg volle fisiese adres in).

Die volgende inligting is onttrek uit die geouditeerde trustrekening:

1. Rekonsiliasie van rente op die skuldinvorderaar se trustrekening vanaf die begin van die tydperk(voeg datum in) tot die einde van die tydperk.....(voeg datum in) verdien:

Bedrag oorgedra vanaf die vorige finansiële jaar met betrekking tot rente verdien op geld gedeponeer ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	
Bedrag verdien gedurende die huidige tydperk op geld gedeponeer in die trustrekening ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	
Bedrag opgeloop gedurende die huidige tydperk ten opsigte van bankkoste (BTW uitgesluit)	
Bedrag reeds aan die Raad op Skuldinvorderaars gedurende die tydperk onder oorsig ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998, oorbetaal	
Bedrag na volgende finansiële jaar oorgedra met betrekking tot rente verdien op gelde gedeponeer ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	

2. Die verhouding as 'n persentasie van totale bankkoste (BTW uitgesluit) opgeloop gedurende die huidige tydperk tot die totale rente verdien gedurende die jaar

3. Trust aanspreeklikhede/krediteure en trust fondse beskikbaar op jaareinde.....(voeg datum in), en op een ander datum..... (voeg datum in) was as volg:

	Op jaareinde	Ander datum gekies
Trust aanspreeklikhede/krediteure		
Trustfondse beskikbaar ingevolge:		
Artikel 20 trustgelde		
Trustsurplus/(tekort)		

Gebruik van verslag

Hierdie verslag is bedoel vir die uitsluitlike gebruik van die skuldinvorderaar en die Raad op skuldinvorderaars.

Naam
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Adres
Datum

Opmerkings:

1. Die openbare rekenmeester/ouditeur moet ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 1991 (Wet No. 80 van 1991) geregistreer wees.
2. Indien die openbare rekenmeester/ouditeur nie by magte is om 'n ongekwalifiseerde verslag uit te reik nie, moet die feit daarvan en die redes daarvoor volledig in die verslag deur hom/haar uitgereik, uiteengesit word wat so ver as moontlik in bogenoemde verslag vervat moet word.
3. Alle veranderinge moet deur die openbare rekenmeester/ouditeur onderteken word."

Vervanging van Aanhangsel B tot die Regulasies

7. Die volgende Aanhangsel word hiermee deur Aanhangsel B tot die Regulasies vervang:

"AANHANGSEL B

Uitgawes en Gelde

[Regulasie 11]

Let wel: Die totale bedrag wat van 'n skuldenaar ingevolge items 1 tot 7 van die Aanhangsel gevorder staan te word, mag nie die kapitale bedrag van die skuld of R630, na gelang van watter die minste is, oorskry nie.

Item	Beskrywing	Bedrag
1.(a)	Noodsaaklike gewone brief, facsimilee of e-pos:	R12,60 (en in die geval van 'n geregistreerde brief, die koste vir registrasie bykomend)
1.(b)	Geregistreerde brief (Art 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944)):	Die bedrag soos van tyd tot tyd voorgeskryf in item 8 van Aangangsel 2, Tabel A, Deel II van die Hofreëls van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944
2.	Noodsaaklike telefoonoproepe, wat nie 'n konsultasie daarstel nie (per oproep):	R12,60
3.	Ander noodsaaklike uitgawes waarvoor daar nie spesifiek voorsien is nie: 'n totale bedrag van:	R12,60
4.	Erkenning van skuld en onderneming om skuld ingevolge artikel 57 of artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), (insluitende nodige konsultasie met skuldenaar) te betaal:	Die bedrag soos van tyd tot tyd voorgeskryf in items 9 en 10 van Aangangsel 2, Tabel A, Deel II van die Hofreëls van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944
5.	Op versoek van die skuldenaar, die opstel en verskaffing van 'n ander afrekeningstaat, as die sesmaandelikse afrekeningstaat:	R25,20
6.	Korrespondensie ontvang en hanteer:	R6,30
7.	Noodsaaklike konsultasie met skuldenaar:	R31,50
8.	Bywoning van taksasie:	R50,40
9.	By ontvangs van 'n paaiement (een of meer) ter delging van die skuld, insluitend betalings direk aan kliënt gemaak:	Gelde van 10% van die paaiement ontvang, onderhewig aan 'n maksimum bedrag van R315, 00. Geen bykomende fooi sal gehef word vir enige

		verskyning in verband met die ontvangs of betaling van enige paalement nie."
--	--	--
